10 Maart 2024

# genoot
## N.G Rustenburg-Suid

**Landlyn:** 014 592 2419 **Selfoon:** 071 436 0102 **E-pos:** ngrbsuid@gmail.com
**Kantoorure:** 10:00 – 14:00 **FB:** ngkerkrustenburgsuid **Webblad:** www.ngrustenburgsuid.co.za

**Bankbesonderhede:** ABSA, Tjekrekening: 1220580128, Takkode: 632005 (Vir deposito's: EFT/kontant)
(**Kruisgenoot:** *Registreer op die kerk se webblad om die Kruisgenoot per e-pos te ontvang.)*

| | |
|---|---|
| **Sondag, 10 Maart:**<br>*09:00 Erediens:* **Ds. H. de la Guerre**<br>Junior Kategese<br>Alle projekspanne<br>*Tee: Dankie A-wyk*<br>Kom drink saam in die saal!!<br>*10:00 Senior Kategese*<br>**Woensdag, 13 Maart:**<br>*09:00 Bybelstudie...* Kom deel die woord saam met ons! Almal welkom!<br>**Donderdag, 14 Maart:**<br>18:00 Beroepsvergadering | **Sondag, 17 Maart:**<br>*09:00 Erediens:* **Ds. B. Boshoff**<br>Junior Kategese<br>Alle projekspanne<br>*Tee: Dankie B-wyk*<br>Kom drink saam in die saal!!<br>*10:00 Senior Kategese*<br><br>**Woensdag, 20 Maart:**<br>*09:00 Bybelstudie...* Kom deel die woord saam met ons! Almal welkom! |

# KOM ONS BID VIR:

## SIEK OF IN HOSPITAAL

Bessie en Hansie Ströh
Jac en Gerda v.d. Bergh
Annatjie Smuts
Wimpie Espach
Pieter de Wet
Marie Nel
Freddie Alberts
Jacolien Teessen
Lienke Venter
David J van Vuuren
Santie de Wet
Pieter Sevenhuyzen
Johan Mans
Pricylla Erasmus



# Verjaarsdae:




| | |
|---|---|
| 13 Maart | Pierre Esterhuyse |
| 13 Maart | Jannie Koch |
| 15 Maart | Ansie Roos |

## Nuwe Intrekkers




Ons wil baie welkom sê aan nuwe lidmate:

- **Wilfried & Rene Gezorke** (van Allanridge)
- **Cornelia Bester** (van Proteapark)

***Mag julle God se Liefde hier by ons ervaar...***

## MEDELYE:

Ons deel ons innige simpatie met die familie;
met die afsterwe van Arona Snyman.
Mag God julle dra deur hierdie moeilike tyd.



## BLOMBEURTE:

**Kan ons nie weer 'n blom of plant elke Sondag voor in kerk plaas nie?**
**Indien jy graag wil, stuur jou naam en datum**
***(indien jy spesifieke datum het)*** **deur na kerkkantoor!**







## Dankbaarheidshouer:

**'n Paar jaar gelede het ons met die houer as 'n "Verjaarsdaghouer" begin, toe verander dit na "Dankbaarheidshouer". Dit gee groter betekenis aan die houer!**
**Dink net aan: hoe geseënd is ons, die reën, gesondheid, nuwe baba, verjaarsdag so kan ons baie opnoem. Jy kan bv. 'n R1-00 vir *elke jaar* wat jy gespaar is ingooi of vir *elke kleinkind*.**
**Ons almal het iets waarvoor ons dankbaar is. Die inhoud van die houer word aangewend tot uitbreiding van God se koninkryk.**

# **Besoeke:**

Ons nooi ons gemeente uit om gerus die kerkkantoor
te skakel vir die volgende:
Indien 'n tuisbesoek of hospitaalbesoek van 'n leraar verlang...



# **Uitreik:**

Soms het lidmate vervoer probleme om by kerkbyeenkomste uit te kom.
Indien jy wil help, gee jou naam deur aan kantoor.
Indien jy vervoer probleme het, gee ook asb jou naam deur!!!



Onthou in ons voorportaal is boeke wat **GRATIS** geneem kan word!!!



**Die Noordelike Sinode se fokus vir die jaar word verbeeld in hierdie logo:**

**DEERNIS – BEGRIP – WAARDERING**

Hierdie drie kernwoorde, **Deernis, Begrip En Waardering**,
verwoord op 'n besondere manier die Noordelike Sinode
se fokus vir hierdie jaar.

## DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS

**Die Tweede Deel:** ***Die verlossing van die mens***

**Sondag 10**

**Vraag 27: Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?**

**Antwoord**: Die almagtige en oralteenwoordige krag van God (a) waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer (b) dat lower en gras, reën en droogte (c), vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte (d), rykdom en armoede (e) en alles, ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom (f).
*(a) Hand 17:25-28; Jer 23:23, 24; Jes 29:15, 16; Eseg 8:12. (b) Heb 1:3.*
*(c) Jer 5:24; Hand 14:17. (d) Joh 9:3. (e) Spr 22:2. (f) Matt 10:29; Spr 16:33.*

**Vraag 28: Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou?**

**Antwoord**: Dat ons in alle teëspoed geduldig (a) en in voorspoed dankbaar (b) kan wees. Verder dat ons ook vir die toekoms 'n vaste vertroue in ons getroue God en Vader (c) kan stel dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie (d), aangesien alle skepsels so in sy hand is dat hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie (e).
*(a) Rom 5:3; Jak 1:3; Ps 39:10; Job 1:21, 22. (b) 1 Tess 5:18; Deut 8:10.*
*(c) Ps 55:23; Rom 5:4. (d) Rom 8:38, 39. (e) Job 1:12; 2:6; Spr 21:1; Hand 17:2.*

**Uitnodiging van Saamspan: Almal 55 jaar en ouer:**

***Kom kuier saam!!!***
Dinsdag 12 Maart om 09:00.
*Daarna elke 2de en 4de Dinsdag van die maand.*

**Bring al jou vriende saam!!**
*Waar:* Gereformeerde Kerk Wes Gemeente, Klopperstraat 260